basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA NA 1945 FINANSIËLE HULP AAN EUROPESE LANDE VERLEEN?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Noem TWEE maniere waarop Wes-Europese lande deur die Tweede Wêreldoorlog geraak is. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik in jou eie woorde waarom George Marshall in die laat 1940's besluit het om die Europese Herstelprogram in werking te stel. (2 x 2) (4)

1.1.3 Haal enige TWEE lande uit die bron aan wat Marshall-hulp ontvang het. (2 x 1) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Marshall-plan na bewering 'n 'ekonomiese wonderwerk in Wes-Europa teweeggebring' het. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens Varga, het die Verenigde State van Amerika die Marshall-plan geïmplementeer? (1 x 2) (2)

1.2.2 Kies TWEE bewyse uit die bron wat aandui dat die Verenigde State van Amerika die Marshall-plan gebruik het om 'n ekonomiese krisis te voorkom. (2 x 1) (2)

1.2.3 Definieer die term *monopolie-kapitaal* in jou eie woorde in die konteks van die Marshall-plan. (1 x 2) (2)

1.3 Raadpleeg Bron 1A en 1B. Verduidelik watter EEN van die bronne (1A of 1B) die bruikbaarste sou wees vir 'n historikus wat die implementering van die Marshall-plan bestudeer. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1C.

1.4.1 Watter boodskappe, dink jy, word in die spotprent oor Europa se verhouding met die Verenigde State van Amerika gedurende die Koue Oorlog oorgedra? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik waarom jy dink die gesig van die figuur in die spotprent as 'n muntstuk uitgebeeld word. (2 x 2) (4)

1.5 Bestudeer Bron 1B en 1C. Verduidelik op watter maniere die bewyse in hierdie bronne mekaar ondersteun oor hoe kommuniste die Marshall-plan beskou het. (2 x 2) (4)

1.6 Raadpleeg Bron 1D.

1.6.1 Haal enige TWEE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat Wes-Europese lande ekonomiese sukses geniet het nadat hulle hulp van die Marshall-plan ontvang het. (2 x 1) (2)

1.6.2 Watter kritiek, volgens die bron, is deur Marxisties-Leninistiese kritici teenoor die skenkernasie (VSA) uitgespreek? (1 x 2) (2)

1.6.3 Gebruik die bewyse in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Amerikaanse ekonomie in die 1950's en vroeë 1960's gefloreer het. (2 x 2) (4)

1.7 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die Verenigde State van Amerika na 1945 finansiële hulp aan Europese lande verleen het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE VIR SUIDELIKE AFRIKA?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Haal enige TWEE moontlike redes uit die bron aan oor waarom die Slag van Cuito Cuanavale die 'keerpunt van die oorlog' was. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom, volgens Generaal Geldenhuys, het die Sowjet-alliansie die Slag van Cuito Cuanavale verloor? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2 x 1) (2)

2.1.3 Verduidelik die term *propaganda* in die konteks van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op wat jy dink geïmpliseer word deur die stelling dat die Suid-Afrikaners 'op die slagveld gewen het', maar 'die deurslaggewende politieke slag verloor het'. Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, het die Angolese regering Kuba versoek om by Cuito Cuanavale betrokke te raak? (1 x 2) (2)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik tot watter mate jy saamstem met Castro se stelling: 'In Cuito Cuanavale het die Suid-Afrikaanse weermag sy byt werklik verloor.' (2 x 2) (4)

2.2.3 Lewer kommentaar op die rol wat die Verenigde State van Amerika in die laat 1980's in Angola gespeel het. (2 x 2) (4)

2.2.4 Verduidelik waarom Castro geglo het dat Kuba se betrokkenheid by die Slag van Cuito Cuanavale die 'vooruitsigte vir (die) vrede ...' 'n 'hupstoot gegee het'. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens Saunders, was al drie regerings bereid om die Angola/Namibië-verdrag te onderteken? (1 x 2) (2)

2.3.2 Watter bewys in die bron gee te kenne dat die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie saamgewerk het om die krisis in suidelike Afrika op te los? (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik hoe Gorbachev se bewindsaanvaarding in die Sowjetunie die situasie in Angola beïnvloed het. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Noem enige TWEE 'partye' (lande) wat die driesydige ooreenkoms (New York-verdrag) op 22 Desember 1988 onderteken het. (2 x 1) (2)

2.4.2 Verduidelik tot watter mate 'n historikus wat die geskiedenis van suidelike Afrika in die laat 1980's bestudeer, die inligting in hierdie bron bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D ondersteun ten opsigte van die rol wat die Verenigde State van Amerika in die laat 1980's in die oplossing van die krisis in suidelike Afrika gespeel het. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale vir suidelike Afrika verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: VOOR WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE GEDURENDE DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN 1957 TE STAAN GEKOM?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat skoolamptenare aansoeke vir toelating tot Central High School afgekeur het. (2 x 1) (2)

3.1.2 Verduidelik die term *integrasie* in die konteks van die krisis wat in 1957 by Central High School plaasgevind het. (1 x 2) (2)

3.1.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink slegs nege swart Amerikaanse leerders toegelaat is om by Central High School skool te gaan. (2 x 2) (4)

3.1.4 Waarom, volgens die bron, het Goewerneur Faubus besluit om die (Arkansas) Nasionale Garde te ontplooi? (1 x 2) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bewyse in die bron, wat het Elizabeth Eckford gesien toe sy uit die bus geklim het? (1 x 1) (1)

3.2.2 Haal DRIE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat Elizabeth Eckford beledig is. (3 x 1) (3)

3.2.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink die Nasionale Garde geen poging aangewend het om Elizabeth Eckford teen die beledigings by te staan nie. (2 x 2) (4)

3.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van die bewyse in hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing doen oor die keuses wat mense ten opsigte van die integrasie by Central High School gemaak het. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe dra die foto omtrent Elizabeth Eckford se eerste dag by Central High School oor? (2 x 2) (4)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en sê waarom, dink jy, Grace Lorch besluit het om Elizabeth Eckford by te staan. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3B en 3C. Lewer kommentaar op hoe die inligting in Bron 3B die inligting in Bron 3C ondersteun ten opsigte van die uitdagings wat die leerders by Central High School die hoof moes bied. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Waarvan, volgens die bron, het segregasioniste, verslaggewers en Faubus vir Daisy Bates beskuldig? (2 x 1) (2)

3.5.2 Kies enige TWEE bewyse uit die bron wat te kenne gee dat Elizabeth Eckford met Daisy Bates ontevrede was. (2 x 1) (2)

3.5.3 Verduidelik waarom jy dink dat die internasionale pers besluit het om Elizabeth Eckford te prys en haar aanvallers te veroordeel. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik voor watter uitdagings die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 te staan gekom het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Verduidelik tot watter mate die taktieke en die strategieë wat die Viëtkong teen die Verenigde State van Amerika se weermag gebruik het, daarin geslaag het om die verspreiding van kapitalisme in Viëtnam tussen 1965 en1975 te stuit.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Mobutu Seso Seko en Julius Nyerere het beide goeie leierskapseienskappe getoon nadat onafhanklikheid van koloniale regering in die 1960's verkry is.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die politieke en ekonomiese beleid wat beide leiers vanaf die 1960's tot die 1970's in hulle onderskeie lande geïmplementeer het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Die Swartmagbeweging was gemoeid met die bevordering van swart mag, die inskerp van swart trots en die kweek van selfrespek onder swart Amerikaners in die 1960's.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2016

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA NA 1945 FINANSIËLE HULP AAN EUROPESE LANDE VERLEEN?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder skets waarom die Europese Herstelprogram na 1945 in Europa geïmplementeer is.

Die nasleep (nadraai) van die Tweede Wêreldoorlog was dat Wes-Europa in puin gelê het. Die oorlog het landerye verwoes en infrastruktuur vernietig, wat die grootste gedeelte van Europa in ontsettende nood gedompel het. Die Minister van Buitelandse Sake, George Marshall, het op 5 Junie 1947 die Europese Herstelprogram aangekondig. Om te voorkom dat die Sowjetunie vyandig raak, het Marshall aangekondig dat die doel van die hulp aan Wes-Europa heeltemal humanitêr was en hy het selfs hulp aan die kommunistiese state in die Ooste aangebied. Die Kongres het Truman se versoek om oor vier jaar 17 miljard dollar na Groot-Brittanje, Frankryk, Wes-Duitsland, Italië, Nederland en België te stuur, goedgekeur.

Die Marshall-plan het 'n ekonomiese wonderwerk in Wes-Europa teweeggebring. Teen die teikendatum van die program vier jaar later het Wes-Europese nywerhede twee keer soveel goedere vervaardig as in die jaar voor die oorlog uitgebreek het. Party Amerikaners het oor die koste gekla, maar die nasie het in die jare van die Marshall-plan meer aan drank spandeer as wat hulle oorsee na Europa gestuur het. Die hulp het ook rekordhandelsvlakke met Amerikaanse firmas tot gevolg gehad, wat 'n na-oorlogse ekonomiese oplewing in die Verenigde State aangevuur het.

Laastens, en tot groot vreugde van Truman, moes geeneen van hierdie Wes-Europese nasies vir die duur van die Koue Oorlog 'n ernstige bedreiging van kommunistiese oorname die hoof bied nie.

[Uit http://www.ushistory.org/us/52c.asp. Toegang op 15 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 1B**

Hierdie bron is deur 'n akademikus, Scott D Parrish, van die Universiteit van Texas in die Verenigde State van Amerika, geskryf. Hy het Evgenii Varga (Sowjet-akademikus en -ekonoom) se verwerping van die Marshall-plan ontleed.

Varga het 'n ekonomiese verduideliking aan die hand gedoen, waarin hy aanvoer dat 'die ekonomiese situasie in die Verenigde State die beslissende faktor was toe die Marshall-plan-voorstel geopper is. Die Marshall-plan is eerstens bedoel as 'n wyse waarop die verwagte ekonomiese krisis, waarvan niemand in die Verenigde State die koms kan ontken nie, versag kan word'. Varga het toe die omvang van die ekonomiese krisis, wat hy verwag het die Verenigde State gou sou inhaal, kortliks beskryf. Hy het gedurende hierdie krisis 'n afname van twintig persent in produksie verwag, wat tot die ontstaan van 'n mensemassa van tien miljoen werkloses sou lei en verwoesting in die Amerikaanse bankstelsel sou saai. Wat die politieke uitwerking van hierdie ekonomiese probleme betref, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat 'die ontploffing van die ekonomiese en finansiële krisis sal lei tot 'n beduidende val in die aansien van die buitelandse beleid van die Verenigde State, wat hoop om die rol van stabiliseerder van internasionale kapitalisme te speel'.


Varga het geskryf dat die Marshall-plan 'n poging was om hierdie krisis te voorkom. Na sy mening het die Verenigde State verplig gevoel om uitvoere te vermeerder om die begin van 'n ernstige ekonomiese depressie te voorkom. Om so 'n toename in uitvoere te bewerkstellig, sou die Verenigde State krediet aan Europese lande toestaan, selfs al kon hulle dit nie terugbetaal nie. Varga het opgemerk dat hierdie optrede veral vir 'monopolie-kapitaal' voordelig sou wees. Hy het afgesluit:

'Teen hierdie agtergrond gesien, is die idee agter die Marshall-plan die volgende: As dit in die Verenigde State se belang is om Amerikaanse goedere ter waarde van etlike miljarde dollar oorsee aan bankrot leners op krediet te verkoop, dan moet daar gepoog word om die maksimum politieke voordeel uit hierdie krediete te trek.'

[Uit https://www.wilsoncenter.org/sites/default/files/ACFB73.pdf. Toegang op 8 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 1C**

Hierdie spotprent is in 1948 in die *Krokodil*, 'n Sowjet-tydskrif, gepubliseer. Dit beeld die uitwerking van die Marshall-plan uit.




[Uit *Essential Modern History* deur S Waugh]

**BRON 1D**

Hierdie bron is deur William R Keylor geskryf. Hy ontleed die uitwerking van die implementering van die Marshall-plan op beide Wes-Europese lande en die Verenigde State van Amerika.

Die ekonomiese gevolge van die Marshall-plan het sy skrywers se mees optimistiese verwagtinge oortref. Die Europese nywerheidsvervaardiging het teen 1952, die afsluitdatum van die Amerikaanse hulpprogram, tot 35 persent en landbouproduksie tot 10 persent bo die vooroorlogse vlak gestyg. Die nasies van Wes-Europa wat hulp ontvang het, het uit die dieptes van ekonomiese wanhoop 'n tydperk van ekonomiese uitbreiding aangepak, wat 'n mate van voorspoed aan hul bevolkings sou besorg en wat in die donker tye van 1947 ondenkbaar was.

Intussen het die skenkernasie groot handelsvoordele uit sy ruimhartige finansiële skenking (hulp) getrek, soos die Marxisties-Leninistiese kritici voorspel het: meer as twee derdes van die Europese invoere volgens die plan het van die Verenigde State gekom, wat groter wins beteken het vir Amerikaanse ondernemings wat in die uitvoerhandel betrokke was, asook meer werksgeleenthede vir die werkers wat in hulle diens was. Dit is te betwyfel dat die fenomenale (buitengewone) groei van die Amerikaanse ekonomie in die welvarende era van die vyftigs en die vroeë sestigs sou plaasgevind het sonder die stimulus wat verskaf is deur bestellings vir hulle goedere en dienste van die ander nasies van die nywerheidswêreld oorkant die Atlantiese Oseaan wat besig was om hulle oorlogvernielde ekonomieë te herbou.

[Uit *The Twentieth-Century World, An International History* deur WR Keylor]

## VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE VIR SUIDELIKE AFRIKA?

### BRON 2A

Hierdie bron fokus op die menings van die historici Irina Filatova en Apollon Davidson, oor die betekenis van die Slag van Cuito Cuanavale, wat tussen 1987 en 1988 in Angola gelewer is.

Uit die oogpunt van die Sowjet-weermag, die Angolese, Kubane, die Suid-Afrikaanse regering ná apartheid en baie navorsers was die Slag van Cuito Cuanavale die keerpunt van die oorlog, waarna al die hoofdoelwitte van die oorlog bereik is: Suid-Afrika moes sy troepe onttrek, Angola het relatiewe vrede bekom en Namibië sy onafhanklikheid. Uit die oogpunt van die Suid-Afrikaanse weermag was daar nooit 'n 'Slag van Cuito Cuanavale' nie, want, volgens Generaal J Geldenhuys, 'was dit hoegenaamd nie van enige strategiese belang nie. Dit het geen rol gespeel uit watter hoek jy ook al daarna kyk nie'. In werklikheid 'het die Sowjet-alliansie verloor, want hulle kon nie daarin slaag om Savimbi te verslaan en sy hoofkwartier, Jamba, te verwoes nie …'.

Ons sal hierdie argument aan militêre geskiedkundiges oorlaat … Maar uit 'n propaganda-oogpunt was dit rampspoedig …

Russiese navorsers dink dat Cuito Cuanavale en die Kubaanse aanval in die suidweste (van Angola) die magsbalans van magte in die streek verander het en 'n gunstige klimaat vir die Angolese-Namibiese skikking ('New York Accords') geskep het ... Die waarheid is dat, al kan die Suid-Afrikaanse Weermag aanspraak maak op hoeveel veldslagte wat hulle ook al op die slagveld gewen het, hulle die deurslaggewende politieke slag verloor het, en die oorlog daarmee saam.

[Uit *The Hidden Thread. Russia and South Africa in the Soviet Era* deur I Filatova en A Davidson]

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder is uit 'n toespraak geneem wat op 5 Desember 1988 deur Fidel Castro (leier van Kuba) gelewer is by 'n byeenkoms in Havana wat deur duisende mense bygewoon is. Castro het die betrokkenheid van Kubaanse troepe by die Slag van Cuito Cuanavale verdedig.

Die Angolese regering het aan ons (Kuba) die verantwoordelikheid gegee om Cuito Cuanavale te verdedig en alle nodige maatreëls is getref om nie net die Suid-Afrikaners te keer nie, maar om Cuito Cuanavale in 'n hinderlaag te verander, 'n hinderlaag waarin die Suid-Afrikaners hulle vasgeloop het. In Cuito Cuanavale het die Suid-Afrikaanse weermag sy tande regtig gebreek (sy byt werklik verloor) ...

Die Verenigde State het al vir 'n geruime tyd met Angola vergader en hulleself as bemiddelaars (onderhandelaars) tussen die Angolese en die Suid-Afrikaners voorgehou om 'n vreedsame oplossing te vind, en so het die jare verbygegaan. Maar terwyl hierdie sogenaamde onderhandelings met die Verenigde State as bemiddelaars plaasgevind het, het die Suid-Afrikaners ingegryp en probeer om die Angolese situasie op militêre wyse op te los, en miskien sou hulle dit reggekry het as dit nie was vir die moeite wat ons land (Kuba) gedoen het nie. Die magsverhouding het in werklikheid radikaal verander. Die Suid-Afrikaners het 'n verpletterende nederlaag by Cuito Cuanavale gely en die ergste het nog vir hulle voorgelê …

Daar is oomblikke wanneer moeilike en bitter besluite geneem moet word, en toe daardie oomblik aangebreek het, het ons party en ons gewapende magte nie vir 'n oomblik gehuiwer nie. Ek glo dat dit gehelp het om 'n politieke ramp te voorkom, 'n militêre ramp vir Angola, vir Afrika en vir alle progressiewe magte. Ek glo dat ons optrede (by Cuito Cuanavale) die vooruitsigte vir die vrede wat tans in die streek heers, 'n deurslaggewende hupstoot gegee het.

[Uit *In Defence of Socialism: Four Speeches on the 30th Anniversary of the Cuban Revolution* deur F Castro]

**BRON 2C**

Hierdie bron, deur Christopher Saunders, verduidelik die rol wat die supermoondhede gespeel het om te verseker dat die Angola/Namibië-verdrag ('New York Accords') onderteken word. Die Verdrag is op 22 Desember 1988 deur Kuba, Angola en Suid-Afrika by die Verenigde Nasies se hoofkwartier in New York onderteken.

Die finale ooreenkoms het iets vir elke betrokke party ingehou, soos Crocker (Adjunkminister van Afrika-aangeleenthede in die Verenigde State van Amerika) maande lank suksesvol aangevoer het die geval sou wees … Die manier waarop die krisis opgelos is, het die twee supermoondhede nouer as ooit vantevore laat saamwerk, veral in die Gesamentlike Moniteringskommissie wat gestig is om te verseker dat die ooreenkomste nagekom sou word.

Hierdie hoofstuk handel oor … waarom die krisis (by Cuito Cuanavale in 1988) opgelos is soos dit gedoen is en nie in iets baie ernstigers ontwikkel het nie. Gorbachev se bewindsaanvaarding (1985) en die ontwikkeling van sy 'nuwe denke' was die sleutel wat nuwe samewerking met die VSA moontlik gemaak het. Dit het vir alle partye moontlik geword om te besef dat hulle voordeel uit hierdie skikking kon trek. Kuba en Suid-Afrika moes albei uit Angola onttrek … Hulle het onttrek in die konteks van 'n nuwe verhouding wat tussen leierpersoonlikhede, wat by die onderhandelings betrokke was, gevorm is en 'n nuwe houding teenoor die Sowjetunie onder die Suid-Afrikaners, wat kommunisme nie meer as 'n monster beskou het en die USSR nie meer as die een wat die subkontinent wou oorheers nie …

Die supermoondhede het 'n deurslaggewende rol in die oplossing van hierdie krisis gespeel …

[Uit *Cold War in Southern Africa*. *White Power and Black Liberation*, geredigeer deur S Onslow]

## BRON 2D

Hierdie foto toon 'n aantal leiers wat op 22 Desember 1988 die New York-verdrag by die Verenigde Nasies se hoofkwartier in New York onderteken.

Sittend van links na regs is: Magnus Malan, Minister van Verdediging (Suid-Afrika), Roelof Frederik ('Pik') Botha, Minister van Buitelandse Sake (Suid-Afrika), Javier Pérez de Cuéllar, Sekretaris-generaal van die VN, George Shultz, Minister van Buitelandse Sake (Verenigde State van Amerika), Alfonso Van-Dunem, Minister van Buitelandse Sake (Angola), António dos Santos França (Angolese verteenwoordiger), Isidoro Malmierca Peoli, Minister van Buitelandse Sake (Kuba) en Generaal Abelardo Colomé Ibarra (Kuba).




[Uit http://downloads.unmultimedia.org/photo/ltd/high/272/272982.jpg?s=4F0232819DA6CCCD391EC97A2A1B59BD&save. Toegang op 25 Oktober 2015 verkry.]

**VRAAG 3: VOOR WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE GEDURENDE DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN 1957 TE STAAN GEKOM?**

**BRON 3A**

Hierdie bron fokus op die prosesse wat plaasgevind het voordat die Little Rock Nege in 1957 by Central High School kon inskryf.

… teen die somer van 1957 het skoolamptenare 17 swart Amerikaanse leerders gekies uit die meer as 200 persone wat vir toelating by Central High School aansoek gedoen het. Skoolamptenare het baie aansoekers afgekeur omdat hulle punte nie hoog genoeg was nie. Ander is afgekeur omdat amptenare nie gedink het dat hulle die druk sou kon hanteer om 'n klein minderheid te wees in 'n skool wat oorweldigend wit was nie, … Nog ander swart leerders het uit hulle eie onttrek nadat die superintendent vir hulle gesê het dat hulle nie toegelaat sou word om aan sport of enige ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem nie. 'n Aantal ouers het ook hulle kinders onttrek uit vrees vir hulle veiligheid namate teenkanting teen integrasie in die somer van 1957 in Little Rock en elders al hoe luider geword het.

Teen die tyd dat die skool moes heropen, was slegs nege swart Amerikaanse leerders bereid om by Central High School skool te gaan … Ten spyte van die gesprekke op TV en die radio en die koerante het die 'Little Rock Nege' nie geglo dat integrasie tot geweld in Little Rock sou lei nie. Die eerste aanduiding wat ek daarvan gekry het, was die aand voor ons skool toe sou gaan. Goewerneur Faubus het op TV verskyn en aangedui dat hy die (Arkansas) Nasionale Garde wou ontplooi om ons toegang tot Central te keer omdat hy gedink het dat ons lewens in gevaar was. Hy het dit vir ons eie 'beskerming' gedoen. Dit was selfs op daardie stadium sy redenasie. Hy het gesê dat die troepe voor die skool sou wees en dat hulle ons toegang tot Central sou blokkeer vir ons eie beskerming asook vir die beskerming en kalmte van die stad.

[Uit https://www.facinghistory.org/sites/default/files/publications/Choices_Little_Rock.pdf. Toegang op 11 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 3B**

Hierdie bron fokus op Elizabeth Eckford se ondervinding op 4 September 1957, haar eerste dag by Central High School.

Die eerste toneel wat Eckford gesien het toe sy 'n blok van Central High School af uit die bus geklim het, was 'n see kwaai gesigte. Sy het probeer om na die skool toe te loop, maar 'n spottende skare het haar pad versper. Haar knieë het gebewe terwyl sy heeltemal alleen deur die skare gebeur het. Sy het hard probeer om nie haar vrees te wys nie. 'Dit was die langste blok wat ek nog ooit in my hele lewe geloop het,' het sy later gesê. Eckford was een van nege leerders wat vrywillig onder die eerste swart Amerikaners sou wees om by Central High School skool te gaan. Toe sy daardie oggend skool toe gegaan het, het Eckford gedink dat daar moeilikheid kon wees. Sy het egter nie geweet dat sy honderde kwaai wit mense sou sien wat van vroeg daardie oggend af vir haar gewag het nie. Skielik het daar 'n uitroep deur die skare getrek. Elizabeth Eckford het probeer om die skool binne te gaan.

Eckford het na die Nasionale Garde teruggedraai, maar hulle het niks gedoen nie. Sy het teruggeloop na die bushalte en op die bankie gaan sit. Die skare het haar weer omsingel. 'Kry 'n tou. Sleep haar na hierdie boom toe! Kom ons reken af met hierdie neger*.' 'n Wit vrou het haar pad deur die skare oopgeveg en geskree: 'Los hierdie kind uit. Hoekom treiter julle haar? Oor ses maande gaan julle jul koppe in skaamte laat sak.' Die vrou, Grace Lorch, het langs Eckford op die bank gaan sit. Sy het haar arm om die meisie gesit en daar gebly tot die bus gekom het.

Mev. Lorch het saam met Eckford gery tot sy afgeklim het by die skool waar haar ma skoolgehou het.

[Uit http://www.ahsd.org/social_studies/williamsm/The%20Mob%20at%20Central%20High%20School.pdf. Toegang op 20 Februarie 2016 verkry.]

***Neger: 'n Afbrekende (neerhalende) term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3C**

Hierdie foto toon Elizabeth Eckford by die bushalte buite Central High School, omring deur 'n skare wit Amerikaanse segregasioniste. Grace Lorch, 'n lid van die plaaslike National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP), word met haar arm om Elizabeth Eckford gesien.




[Uit http://coolchicksfromhistory.tumblr.com. Toegang op 20 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 3D**

Hierdie uittreksel fokus op gebeure wat op 5 September 1957 by Daisy Bates se huis plaasgevind het. Dit was nadat die Little Rock Nege die vorige dag verhinder is om Central High School binne te gaan.

… Die Nege het by die Bates-huis bymekaargekom. Dit was die eerste keer dat Elizabeth vir Daisy Bates ontmoet het. Segregasioniste, verslaggewers en Faubus sou haar later daarvan beskuldig dat sy Elizabeth opsetlik in die skare in gestuur het om simpatieke publisiteit te wen. Nou het Elizabeth haar ook beskuldig: 'Waarom het jy my vergeet?' het sy gevra, met wat Bates, wat in 1999 oorlede is, later 'koue haat in haar oë' genoem het. Tot vandag toe glo Elizabeth dat Bates, wat nou deur almal opgehemel (geprys) word ('n hoofstraat naby Central High School is na haar vernoem), die swart leerders as weinig meer as voetsoldate in 'n saak gesien het en gemaak het dat hulle jammerlik onvoorbereid vir hulle beproewing was.

Die Little Rock Nege het vir twee en 'n halwe week by die huis gebly terwyl prokureurs, regters en politici oor hulle lot gekibbel (gestry) het. Intussen het die beeld van Elizabeth en Hazel Bryan regoor die wêreld geflits … Langston Hughes het in die *Chicago Defender* geskryf: hierdie 'een, verlate klein Neger-meisie' sou meer saak maak as al die ander sogenaamde belangriker spelers in die drama. Die wêreldpers het Elizabeth geprys en haar aanvallers veroordeel.

'n Federale regter het weer vir Faubus beveel om sy inmengery te staak en die swart kinders toe te laat. Weereens is 'n datum vasgestel: 23 September. Weereens het Daisy Bates die swart families in kennis gestel. Teen hierdie tyd het die Eckfords 'n telefoon aangeskaf, maar Daisy het 'n gesprek met hulle gevrees; hoe kon sy Elizabeth se ma vra om haar dogter weer in die skare in te stuur? Bates het aangehou om hulle tot onderaan haar lys af te skuif. Birdie Eckford het egter weer ingestem om Elizabeth te laat gaan, en toe die swart kinders die volgende oggend by die Bates-huis bymekaargekom het, was sy een van die eerstes wat daar aangekom het.

[Uit http://www.vanityfair.com/news/2007/09/littlerock200709. Toegang op 19 Februarie 2016 verkry.]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Castro, F. 1989. *In Defence of Socialism: Four Speeches on the 30th Anniversary of the Cuban Revolution* (Pathfinder, 1989)

Filatova I en Davidson A. 2013. *The Hidden Thread. Russia and South Africa in the Soviet Era* (Jonathan Ball, Cape Town)

http://coolchicksfromhistory.tumblr.com

http://downloads.unmultimedia.org/photo/ltd/high/272/272982.jpg?s=4F0232819DA6CCCD391 EC97A2A1B59BD&save

http://www.ahsd.org/social_studies/williamsm/The%20Mob%20at%20Central%20High%20School.pdf

http://www.ushistory.org/us/52c.asp

http://www.vanityfair.com/news/2007/09/littlerock200709

https://www.facinghistory.org/sites/default/files/publications/Choices_Little_Rock.pdf

https://www.wilsoncenter.org/sites/default/files/ACFB73.pdf

Keylor, WR. 1984. *The Twentieth-Century World – An International History* (Oxford University Press, New York)

Onslow (ed.). *Cold War in Southern Africa. White Power and Black Liberation* (Routledge, London)

Waugh, S. 1988. *Essential Modern History* (Oxford University Press, Harlow)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ________________●________________________●__________________________
  ________________________●______________________________
  ✓✓✓✓✓
  Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.
  Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.
2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ʌ
- Verkeerde stelling _________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1– 6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: WAAROM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA NA 1945 FINANSIËLE HULP AAN EUROPESE LANDE VERLEEN?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Wes-Europa in puin gelê
- Landerye verwoes
- Infrastruktuur vernietig
- Europa ontsettende nood gedompel (enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Om Europese lande te help herstel nadat hulle deur die Tweede Wêreldoorlog platgeslaan is
- Die program het finansiële hulp aan alle Europese lande verleen om hulle ekonomieë te verbeter
- Die VSA het dit gebruik as 'n program om die verspreiding kommunisme na Europese lande te keer
- Hulle het om humanitêre redes bystand verleen
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Groot Brittanje
- Frankryk
- Wes-Duitsland
- Italië
- Nederland
- België (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Analise van inligting uit Bron 1A – V2]*
- Wes-Europese industrieë produseer tweemaal soveel as in die jare voor die oorlog
- Rekordvlakke van Europese handel met Amerika
- Grootskaalse herbou van die infrastruktuur
- Dit het gelei tot 'n vinnige ekonomiese herstel van Europese lande
- Dit het ’n kommunistiese oorname van Wes-Europa voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om die verwagte ekonomiese krisis in die VSA te versag
- VSA het ’n twintig persent afname in produksie verwag... wat tot werkloosheid sou lei
- Dit sou bewys dat die veral voordelig sou wees vir monopolie kapitaal(1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Amerika moes sy uitvoere verhoog
- Amerika sou krediet aan Europese lande moes toestaan (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 1B – V1]*
- Amerika se strategie (om geld te gee/ goedere aan Wes-Europa te verkoop) om beheer te hê oor die ekonomieë van Wes-Europese lande (en om die verspreiding van kommunisme te voorkom)
- 'n Ekonomiese sisteem wat deur 'n groep ryk mense/maatskappye/lande beheer word
- 'n Ekonomiese sisteem wat deur voordeelgrense beheer word/ gebaseer is op privaat eienaarskap/ deur 'n vryemarksisteem gekarakteriseer word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Evalueer die bruikbaarheid van Bron 1A of 1B – V3]*
**Kandidate moet aandui watter bron (1A of 1B) meer BRUIKBAAR is en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BRON 1A**
- Dit verskaf inligting oor die bedoeling van die Marshall-plan volgens George Marshall
- Dit voorsien die Amerikaanse (Westerse) perspektief van die Marshall-plan
- Dit toon die prestasies van die Marshall-plan
- Dit toon die datum, bedrag en lande wat betrokke was in die Marshall-plan
- Enige ander relevante antwoord

**BRON 1B**
- 'n Bron wat deur 'n akademikus, Scott D Parrish, van die Universiteit van Texas geskryf is
- Dit analiseer Varga ('n Sowjet ekonoom) se siening van die Marshall-plan
- Dit verskaf 'n Sowjet/kommunistiese perspektief van die Marshall-plan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4
1.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Europa (knielend) word getoon as onderdanig aan Amerikaanse mag/kapitaal
- Dit toon 'n 'baas' as ŉ vet kapitalis (VSA) ‘kneg’ wat kniel (Europese lande) verhouding
- Die Verenigde State van Amerika het finansiële hulp (Marshall-hulp) aan Europese lande verskaf
- Die Sowjets sien die VSA as die een wat geld gebruik om sy doel te bereik – 'dollar diplomasie/ imperialisme'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Amerika gebruik sy geld om Europese lande te domineer
- Dit toon dat die VSA sy beleid van 'Dollar Imperialisme' in Europese lande toepas
- Die VSA wou Europese lande beheer/ domineer
- Die VSA word getoon as ongevoelig, onmenslik en gesigloos
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van inligting in Bron 1B en 1C – V3]*

- In Bron 1B gee Varga te kenne dat die hoofrede vir die Marshall-plan was om die VS ekonomie te bevoordeel; In Bron 1C word die VSA uitgebeeld asof hulle van geld gemaak is (het 'n gesig wat lyk soos 'n dollar-muntstuk)
- In Bron 1B gee Varga te kenne dat die VS die Marshall-plan tot sy eie politieke voordeel gebruik het; In Bron 1C word Europese lande (diegene wat kniel) getoon wat onderdanig is aan die superioriteit van Amerika.
- Beide (Bron 1B en 1C) gee te kenne dat die VSA se motief met die Marshall-plan was om ekonomiese en politieke mag oor Wes-Europese lande te verkry - 'Dollar Imperialisme'
- Beide (Bron 1B en 1C) toon die superieure status van die VSA
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6

1.6.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Europese industriële produksie het met 35% bo die vooroorlogse vlakke gestyg
- Europese landbouproduksie het met 10% bo die vooroorlogse vlakke gestyg
- Wes-Europese nasies het ʼn tydperk van ekonomiese uitbreiding aangepak

(enige 2 x 1) (2)

1.6.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Die VSA ondervind groot handelsvoordele uit sy finansiële hulp aan Wes-Europese lande
- Amerika gee finansiële hulp omdat hulle voordeel daaruit wou trek
- Twee derdes van die invoere het van die VSA gekom
- Meer werksgeleenthede vir VSA werkers
- Hoër profyt vir Amerikaanse firmas

(enige 1 x 2) (2)

1.6.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*

- Amerika het bestellings vir goedere en dienste uit Europa ontvang wat verhoogde produksie verseker het
- Amerika se ekonomie het gefloreer omdat hulle nie grootskaalse werkloosheid ondervind het nie
- Amerika ontvang betalings vir lenings wat aan Europese lande gegee is
- Lande wat Marshall-hulp ontvang het, is verplig om VS goedere te koop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.7 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit.

- Om humanitêre redes in die konteks van die na-oorlogse krisis (Bron 1A)
- Om die verspreiding van kommunisme in Europa te voorkom (Bron 1A)
- Om die ekonomiese herstel van Europa na die Tweede Wêreldoorlog te bevorder (Bron 1A en1D)
- Om die verwagte na-oorlogse ekonomiese krisis in die VSA te versag (Bron 1B en 1D)
- Om die kapitalistiese ekonomiese stelsel/ monopolie kapitaal te bevoordeel (Bron 1B en 1D)
- Om politieke beheer oor Europa te verkry (Bron 1B en 1C)
- Om VS 'Dollar Diplomasie/ Imperialisme' te bevorder (Bron 1B en 1C)
- Om die bedreiging van werkloosheid in die VSA te verminder (Bron 1D)
- Om 'n invloedsfeer in Europa te vestig (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor waarom die Verenigde State van Amerika na 1945 finansiële hulp aan Europese lande verleen het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor waarom die Verenigde State van Amerika na 1945 finansiële hulp aan Europese lande verleen het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor waarom die Verenigde State van Amerika na 1945 finansiële hulp aan Europese lande verleen het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE VIR SUIDELIKE AFRIKA?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Al die hoofdoelwitte van die oorlog is bereik
- Suid-Afrika onttrek sy troepe
- Angola het relatiewe vrede bereik
- Namibië het onafhanklikheid verkry (enige 2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Sowjets het nie daarin geslaag om Savimbi te verpletter nie
- Sowjets het nie daarin geslaag om Savimbi se hoofsetel by Jamba te vernietig nie (2 x 1) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese begrip in Bron 2A – V1]*
- Die verspreiding van verkeerde inligting oor die uitkoms van die slag van Cuito Cuanavale om doelbewus mense se siening oor wie die oorlog gewen het te beïnvloed
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
- Die militêre oorwinning deur die SAW by Cuito Cuanavale was oor die langtermyn minder belangrik as die daaropvolgende verskuiwing van die magsbalans
- Alhoewel die SAW op oorwinning by Cuito Cuanavale aanspraak gemaak, het die apartheidstaat die 'oorlog' verloor, want Namibië het in 1990 onafhanklikheid verkry
- Dit het tot beëindiging van wit minderheidsregering in Suid-Afrika (1994) gelei
- Suid-Afrika kon nie Angola gedwing het om kapitalisme te aanvaar nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Die Angolese regering het Kuba die verantwoordelikheid aangesê om Cuito Cuanavale te verdedig
- Om die Suid-Afrikaanse opmars na Cuito Cuanavale te keer
- Om 'n hinderlaag vir die Suid-Afrikaners op hulle weg na Cuito Cuanavale te stel (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*

**Kandidate kan tot 'n groot mate saamstem**
- Die Suid-Afrikaanse weermag het groot verliese in die Slag van Cuito Cuanavale gely
- Die Kubane het die Suid-Afrikaanse weermag verslaan en was die oorwinnaars
- Die Suid-Afrikaanse weermag het oneffektief geword
- Suid-Afrika onttrek uit Angola
- Enige ander relevante antwoord

**Kandidate kan tot 'n mindere mate saamstem**
- Kuba kon nie die SAW en UNITA oorwin nie
- SAW het minder ongevalle as Cuba gehad
- SAW het beweer dat die oorname van Cuito Cuanavale nooit hulle doel was nie
- SAW het Namibië as oorwinnaars ingeval
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Die Verenigde State van Amerika het as bemiddelaars probeer optree
- Die Verenigde State van Amerika het probeer om vrede na die streek te bring
- Verenigde State van Amerika het opgetree as bemiddelaar/ onderhandelaar tussen Angola en Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Die Kubane het die Suid-Afrikaners gekeer om verder in Angola op te mars
- Die Kubaanse oorwinning oor SAW het Suid-Afrikaners meer gewillig gemaak om 'n ooreenkoms te bereik
- Die Kubane het 'n politieke en ekonomiese 'rampspoed' voorkom
- Na die Slag van Cuito Cuanavale het die magsbalans in Angola 'radikaal verander'
- Namibië het onafhanklikheid verkry
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die finale ooreenkoms het iets vir elke betrokke party ingehou (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die supermoondhede het 'n Gesamentlike Moniterings Kommissie tot stand gebring om toesig te hou oor die ooreenkoms (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Vanaf die mid-1980's was daar groter samewerking tussen die VSA en die USSR
- Gorbachev (die Sowjetleier) het 'n nuwe denkwyse (perestroika en glasnost) uitgevoer wat samewerking met die VSA bevorder het
- Die nuwe denkwyse in die USSR het die vrees vir 'n kommunistiese aanslag verminder
- Die apartheidsregering was meer gewillig om uit Angola te onttrek
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4
2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*
- Suid-Afrika
- Angola
- Kuba (enige 2 x 1) (2)

2.4.2 *[Verduideliking van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2D – V3]*
**Kandidate moet aandui of die bron BRUIKBAAR TOT ’n GROOT MATE IS of BRUIKBAAR TOT ’n MINDERE MATE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BRUIKBAAR TOT ’n GROOT MATE**

- Dit voorsien die name en range van politieke leiers wat die New York Ooreenkoms onderteken het
- Die foto illustreer dat die politieke situasie in suidelike Afrika van internasionale belang was
- Die onafhanklikheid van Namibië is deur die Verenigde Volke Organisasie gefasiliteer
- Dit toon watter organisasies uit die New York Ooreenkoms uitgesluit is, bv. SWAPO, die Namibiese vryheidsbeweging het geen rol gespeel nog het Jonas Savimbi of UNITA 'n rol gespeel nie
- Dit gee historici 'n duidelike beeld van die formaliteite en protokol wat gepaardgegaan het met die ondertekening van die bilaterale en drieledige ooreenkomste (New York Ooreenkomste)
- Dit toon dat Suidelike Afrika gesoek het na ’n vreedsame resolusie in die konflik
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**BRUIKBAAR TOT ’n MINDERE MATE**

- Dit verduidelik nie waarom sommige mense in die onderhandelings ingesluit is en ander uitgelaat is nie
- Die bron is beperk tot een moment in die geskiedenis van suidelike Afrika (daar was baie ander gebeure en prosesse wat in die laat 1980's plaasgevind het)
- Die foto verduidelik nie die proses hoe die leiers tot die besluit gekom het om die ooreenkoms te onderteken nie
- Die foto gee geen details van die bepalings in die ooreenkomste en of dit onderhou is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyk inligting in Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C lig die rol toe wat die Verenigde State van Amerika gespeel het in die bemiddeling van die vredesooreenkoms; Bron 2D toon die bilaterale en drieledige ooreenkomste wat in die Verenigde State van Amerika onderteken is en die VS Staatsekretaris (George Shultz) wat by die tafel saam met Angola, Suid-Afrika en Kubaanse amptenare sit en teken (selfs al was VS gebied of troepe nie betrokke nie)
- Bron 2C beweer dat beide Kuba en Suid-Afrika hulle troepe uit Angola moes onttrek na die Slag van Cuito Cuanavale; In Bron 2D word die Kubaanse en Suid-Afrikaanse amptenare getoon terwyl hulle die drieledige ooreenkoms onderteken
- Bron 2C toon ’n nuwe samewerking tussen die VSA en die USSR en in Bron 2D word die samewerking tussen die VSA en Kubaanse afgevaardigdes in die Verdrag gesien
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die SAW het terugslae gely by Cuito Cuanavale wat getoon het dat hulle nie onoorwinlik was nie, hulle kon gekeer word (Bron 2B)
- Die apartheidsregering is tot kompromis en onderhandeling gedwing as gevolg van die Slag van Cuito Cuanavale (New York Ooreenkoms) (Bron 2A, 2B, 2C en 2D)
- Die oorwinning deur Kubaanse magte by Cuito Cuanavale het nuwe vertroue gegee aan vryheidsbewegings in suidelike Afrika (Bron 2A, 2B en 2D)
- Die magsbalans in suidelike Afrika het in die guns van vryheidsbewegings geswaai na die Slag van Cuito Cuanavale (Bron 2A, 2C en 2D)
- Die oorwinning oor die SAW by Cuito Cuanavale het die weg gebaan vir die onafhanklikheid van Namibië van Suid-Afrika (Bron 2A, 2B, 2C en 2D)
- Na die Slag van Cuito Cuanavale het die buitelandse troepe uit Angola onttrek, alhoewel die burgeroorlog aangehou het (Bron 2A, 2B en 2C)
- Na die Slag van Cuito Cuanavale was die apartheidsregering meer gewillig om politieke gevangenes vry te laat en met vryheidsbewegings te onderhandel (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van wat die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale op suidelike Afrika was.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van wat die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale op suidelike Afrika was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van wat die gevolge van die Slag van Cuito Cuanavale op suidelike Afrika was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE GEDURENDE DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN 1957 IN DIE GESIG GESTAAR?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Skoolamptenare het slegs 17 swart Amerikaanse leerders uit 200 aansoekers gekies
- Hulle grade was nie hoog genoeg nie
- Amptenare het nie gedink dat hulle die druk sou kon hanteer van die feit dat hulle 'n klein minderheid was in 'n oorwegend wit skool... (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese begrip uit Bron 3A – V1]*

- 'n Proses wat toegelaat het dat swart Amerikaanse studente dieselfde skool as wit Amerikaanse studente bywoon
- Om swart Amerikaanse en wit Amerikaanse studente by Central High School byeen te bring
- Rasse vermenging van studente (bv. swart Amerikaners en wit Amerikaners) byvoorbeeld by Central High School
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2*

- Hierdie studente het deur 'n streng keuringsproses gegaan voordat hulle aanvaar kon word by Central High School
- Baie ander swart Amerikaanse studente wat geïdentifiseer was, het nie aan die keuringskriteria voldoen nie
- Hulle is verstandelik en geestelik voorberei om die druk te kan hanteer
- Daar was teenkanting teen integrasie by Central High School deur segregasioniste
- Sommige swart Amerikaanse aansoekers het onttrek uit vrees vir hulle veiligheid/ op hulle eie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Om te keer dat swart Amerikaanse studente Central High School bywoon
- Hy sê dat hy dit vir die beskerming van swart Amerikaanse studente gedoen het
- Vir die kalmte van die stad
- Lewens is bedreig (Swart Amerikaanse leerlinge) (enige 1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- 'n See van kwaai gesigte (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Spottende skare
- ŉ Geskreeu
- Knieë het gebewe
- Kry 'n tou
- Sleep haar oor hierdie boom
- Kom ons sorg vir hierdie 'neger' (3 x 1) (3)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- Hulle was teen die integrasieproses wat by Central High School plaasgevind het
- Hulle is deur Faubus beveel om nie swart Amerikaanse studente op hulle skoolkampus toe te laat nie
- Hulle het die bende wit segregasioniste ten volle ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 3B – V3]*

**Die bewyse in die bron is bruikbaar omdat dit inligting verskaf oor**:
- Wat met Elizabeth Eckford op haar eerste dag by Central High School gebeur het
- Oor die keuse wat deur Elizabeth Eckford gemaak is om Central High School by te woon
- Oor die keuse wat deur Grace Lorch gemaak is om Elizabeth Eckford by te staan
- Oor die keuse wat deur die skare gemaak is om Elizabeth Eckford te intimideer en te beledig
- Oor die keuse wat deur die Nasionale Garde gemaak is om Elizabeth Eckford nie te verdedig nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Nie alle wit Amerikaners was teen integrasie nie
- Sommige wit Amerikaners het openlik hulle ondersteuning vir integrasie getoon bv. Grace Lorch
- Elizabeth Eckford is gekeer om Central High School binne te gaan as gevolg van die teistering van segregasioniste
- Integrasie van Central High School het intense media belangstelling gelok
- Om die graad van rassisme in die Suidelike State aan die kaak te stel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Grace Lorch was teen segregasie en het integrasie ondersteun
- Grace Lorch was 'n lid van die NAACP
- Grace Lorch was lankal betrokke by die Burgerregtebeweging
- Grace Lorch het simpatie gehad / jammer gevoel teenoor Elizabeth Eckford
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van inligting in Bron 3B en 3C – V3]*
- Bron 3B staaf dat 'n spottende bende Elizabeth Eckford se toegang na Central High School geblokkeer het en Bron 3C toon 'n bende wat Elizabeth Eckford omring
- Albei bronne (3B en 3C) toon dat Grace Lorch Elizabeth Eckford bygestaan het
- Bron 3B beweer dat Grace Lorch haar arm om Elizabeth Eckford gesit het om haar te troos wat duidelik is in Bron 3C
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Beskuldig haar daarvan dat sy Elizabeth Eckford opsetlik na die bende gestuur het
- Om openbare simpatie te wen (2 x 1) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Nou het Elizabeth haar ook beskuldig
- 'Waarom het jy my vergeet'
- 'Koue haat in haar oë'
- 'Het die studente slegs gesien as voetsoldate in 'n saak'
- 'Het hulle jammerlik onvoorbereid in hulle beproewing gelos' (enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Analise van bewyse in Bron 3D – V2]*

- Elizabeth Eckford het nie inmekaar gestort/ gehuil voor haar teisteraars nie/sy is geprys vir haar bravade
- Elizabeth Eckford het opgestaan vir dit wat sy geglo het reg was (integrasie moes by Central High School plaasvind)
- Elizabeth Eckford se beeld in die wêreldpers het die VS Kongres gedwing om standpunt in te neem teen segregasioniste
- Hulle het die aanvallers veroordeel oor hulle rassisme
- Die skare is veroordeel omdat hulle Elizabeth Eckford geïntimideer/ geteister het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Goewerneur Faubus het aan die Nasionale Garde gesê om te voorkom dat die Little Rock Nege Central High School binnegaan (Bron 3A)
- Segregasioniste wou die integrasie van Central High School keer (eie kennis)
- Die Little Rock Nege kon nie op die eerste dag skool toe gaan nie (Bron 3D)
- Elizabeth Eckford se pad is geblokkeer deur die bende van wit Amerikaanse segregasioniste (Bron 3B)
- Die Nasionale Garde het Elizabeth Eckford nie teen die bende beskerm nie (Bron 3B)
- Die bende het Elizabeth Eckford gedreig (Bron 3B)
- Institusionele rassisme soos 'n Apteekeienaar wat geweier het dat Grace Lorch sy telefoon gebruik om 'n huurmotor te bestel (eie kennis)
- 'n Verlate wit Amerikaanse vrou (Grace Lorch) het Elizabeth Eckford teen die bende beskerm (Bron 3B en 3C)
- Die Little Rock Nege moes na Daisy Bates se huis toe gaan omdat die segregasioniste hulle nie wou toelaat om in Central High School in te gaan nie (Bron 3D)
- Die Little Rock Nege het baie skooldae verloor (Bron 3D)
- Politici het oor hulle lot gekibbel (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 in die gesig gestaar het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 in die gesig gestaar het**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die uitdagings wat die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 in die gesig gestaar het**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS

Daar word van kandidate verwag om te verduidelik tot watter mate die taktiek en strategieë wat die Viëtkong gebruik het suksesvol was in die stuiting van kapitalisme gedurende die oorlog in Viëtnam (1965 – 1975). 'n Skets van die taktieke en strategieë wat deur die Viëtkong (Nasionale Vryheidsfront) geïmplementeer is, moet uitgelig word.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate kan verduidelik tot watter mate die taktieke en strategieë suksesvol was om die verspreiding van kapitalisme te stuit tussen 1965 en 1975 en aandui hoe hulle dit gaan ondersteun.

UITBREIDING

- Die Viëtkong het 'n oorlog van nasionale bevryding/ onafhanklikheid/ stryd om soewereiniteit gevoer/ VSA was in Viëtnam om ideologiese redes (Domino teorie/ stuiting van kapitalisme)
- Villagisation/ Strategiese Hamlet Program (waar die VSA en Suid-Viëtnam regering nuwe dorpies gestig het en probeer het om boere van die guerrillas te skei) was onsuksesvol
- Viëtnamese boere was self guerrillas(Vietkong) en was nie maklik identifiseerbaar deur VSA soldate nie
- Viëtkong het suksesvolle guerrilla taktiek gebruik (valdeure, ondergrondse tonnels, verassingsaanvalle, tref en trap ens)
- Viëtkong was hoogs ervare as gevolg van die bevrydingsoorloë teen koloniale regering/ die VSA het konskripsie vir jong onervare soldate ingestel, die VS weermag was nie opgelei in guerrilla taktiek nie
- Ho Chi Minh-roete het voorrade wat vanaf Noord-Viëtnam na Suid-Viëtnam geneem om die Viëtkong by te staan
- Die Viëtkong taktieke het geen sigbare teikens vir die aanval van Amerikaanse soldate getoon nie; Die VSA se lugbombardering 'Operasie Rolling Thunder' van 1965 (konvensionele oorlogvoering) was onsuksesvol
- Die Viëtkong het die ondersteuning van die boere verkry deur vir hulle grond te belowe (meerderheid van Viëtnamese was boere)
- 'Operasie Ranch Hand' (die gebruik van chemikalieë om woude te vernietig (Agent Orange) en oeste/gewasse (Agent Blue) die effek van napalm op die Viëtnamese het hulle teen die VSA laat draai en die guerrillas te ondersteun
- Die TET-offensief (Januarie 1968) (Die VS het dorpe en stede beheer wat deur guerrillas in hinderlae gelê is) en media dekking in die VSA
- Die Vietkong het groot ondersteuning van die Viëtnamese bevolking gewen/ President Nixon se Viëtnamiseringsbeleid/insluitend WHAM (Winning the hearts and minds of the Vietnamese) was 'n poging deur die VSA om van die oorlog te onttrek en om hulle 'aansien te red'
- Die Viëtnamiseringsbeleid het daartoe gelei dat die VSA alle troepe teen 1973 onttrek het en Noord-Viëtnam het beheer oor Saigon geneem in 1975
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet beide, goeie en slegte leierseienskappe van Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere identifiseer. Dit kan die handhawing van die regsorde, eerlikheid, omsien na die belange van alle burgers, bevordering van ekonomiese groei en politieke stabiliteit insluit. Kandidate moet dan relevante bewyse verskaf om te toon of Mobutu en Nyerere goeie of slegte leierseienskappe gehad het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet die vraag krities bespreek en aandui of Mobutu en Nyerere goeie of slegte leierseienskappe gehad het.

UITBREIDING

**Polities**
- Die eienskappe van goeie leierskap behoort die volgende in te sluit: handhawing van die regsorde, om te sien na die belange van alle burgers van die land, hou van vrye en regverdige veelpartyverkiesings, beskerming van die burger- en menseregte van almal, bevordering van stabiliteit en nasionale samehorigheid
- Mobuto Sese Seko (Kongo) het aan bewind gekom deur ’n staatsgreep en Nyerere (Tanzanië) was verkies
- Beide Mobutu Sese Seko en Nyerere het 'n eenpartystaat ingestel
- Hulle lande het ook nie vrye en regverdige veelpartyverkiesings gehou nie. Beide het geargumenteer dat hierdie regeringsvorm meer toepaslik was vir Afrika as wat 'n Westerse styl demokrasie was
- In beide lande is opposisiepartye die swye opgelê en daar was bewyse van inhegtenisname en menseregteskendings van dié wat teen die leierskap gepraat het
- Die tydperk na onafhanklikheid in die Kongo is gekenmerk deur geweld en politieke oproer; In Tanzanië was daar min konflik tydens onafhanklikheid en die land het polities stabiel gebly
- Die Kongo was etnies hoogs versplinter met leiers wat in kompetisie was met mekaar; Tanzanië was verenig as een land onder Nyerere se leierskap, hy het 'n nasionale identiteit aangemoedig en daar was min etniese konflik

**Ekonomies**
- Fokus op die respektiewe land se doelwit om te ontwikkel of die 'ekonomie' te diversifiseer; wetgewing moet in plek wees om ekonomiese groei te bevorder; werkverskaffing om alle burgers te bevoordeel; om met korrupsie om te gaan
- Mobutu se ekonomiese beleid is gekenmerk deur nepotisme en kleptokrasie wat gelei het tot die vorming van 'n ryk, magtige elite wat trou gesweer het aan Mobutu; Nyerere het 'n Leierskapskode ingestel om korrupsie te voorkom onder werknemers in die openbare sektor. Nyerere het die plig van Tanzaniërs om alle mense in die nasie te ontwikkel, beklemtoon

- Gedurende Mobutu se bewind het hy kapitalisme bevorder en buitelandse belegging maar inflasiekoerse het 100% bereik en maatskaplike welsyn is besnoei; Nyerere bevorder Ujaama, Afrika Sosialisme en selfonderhouding, maar die ekonomie het in die laat 1970's ineengestort en Tanzanië is gedwing om IMF lenings te verkry en om strukturele aanpassingsprogramme te aanvaar/ beide lande het buitelandse hulp aanvaar
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of die Swartmagbeweging op die bevordering van die swartmagfilosofie, inboeseming van rasse-trots en die ontwikkeling van selfrespek onder swart Amerikaners gedurende die 1960's in die VSA gefokus het. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hulle argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem dat die Swartmagbeweging betrokke was in die bevordering van swart mag, die inboeseming van swarttrots en die ontwikkeling van selfrespek onder swart Amerikaners. Kandidate moet 'n gedagterigting volg en aandui hoe hulle dit gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Redes vir die opkoms van die Swartmagbeweging: lewe in krotbuurte en slum-areas/swak behuising; fasiliteite met swak hulpbronne (skole, gesondheid, ens.); tekort aan werk en armoede; stadige pas van verandering/verlies aan geloof in die Burgerregtebeweging

**Pogings om die Swartmagfilosofie te bevorder**
- Die rol van Malcolm X: (was invloedryk deur: beoefening van swart skeiding/ afsondering, baklei vir selfbeskikking en die voorstaan van selfrespek en selfdissipline)
- Die rol van Stokely Carmichael wat die beginsels van swart mag (om dinge op hulle eie te doen, om politiek in hulle gemeenskappe te beheer, trots te wees op hulle eie kultuur, om hulleself te verdedig teen rasse onderdrukking en manipulasie) beoefen het en in 1966 het hy die Swartmagslagspreuk, 'Black is beautiful' gewild gemaak
- Die rol van die Black Panther-party (vir selfverdediging) – het die swart mag-/ swarttrotsfilosofie in werking gestel

**Pogings om rassetrots in te boesem:**
- Aanvaarding van Afrika-identiteit
- Bevordering van die konsep van Afrika-identiteit deur slagspreuke soos: 'Black is beautiful', bevordering van Afrohaarstyl en Afrika-drag
- Erkenning van Afrika-erfenis, musiek en literatuur
- Die Tienpuntplan van die Black Panther-party (het sy maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte gedek)

**Pogings om selfrespek te ontwikkel**
- Selfgelding (bv. rasse-opstande in Watts, Detroit en Newark)
- Wou hê dat swart Amerikaners teen wit Amerikaanse owerhede opstaan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid op welke manier ook al
- Die Black Panther-party se Tienpuntplan
- Gemeenskap ontwikkelingsprogramme (bv. gratis ontbyt ens.)

Kopiereg voorbehou 

- Opvoedkundige programme (bv. die onderrig van Afrika geskiedenis)
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**Indien kandidate nie saamstem nie met die siening nie moet hulle hulle argument met relevante bewyse ondersteun**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou